



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V2  
NOVEMBER 2016**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:  
  
AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.  
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–C) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.1.9  A  B  C

- 1.1.1 'n Voorbeeld van 'n veranderlikekoste-item:

- A Elektrisiteit
- B Huur
- C Versekering

- 1.1.2 Die helling van die vraagkurwe van 'n individuele firma onder volmaakte mark-toestande ...

- A is vertikaal.
- B is horisontaal.
- C neig afwaarts van links na regs.

- 1.1.3 Die winsgewendheid van 'n monopolis hang van die produksiekoste en ... af.

- A besparings
- B die aantal mededingers
- C vraag

- 1.1.4 Die koste en voordele vir derde partye wat NIE by die markprys ingesluit is NIE, staan as ... bekend.

- A sosiale koste
- B eksternaliteite
- C produksiekoste

- 1.1.5 Die verhouding van die BBP teen huidige pryse tot die BBP teen konstante pryse word die ... BBP-deflator genoem.

- A implisiete
- B eksplisiete
- C konstante

- 1.1.6 Die verskeidenheid plant- en dierelewe in 'n bepaalde habitat word ... genoem.

- A biodiversiteit
- B die koolstofspoor
- C ontbossing

1.1.7 'n Ekonomiese situasie waar daar 'n hoë inflasiekoers saam met 'n hoë werkloosheidskoers is, staan as ... bekend.

- A deflasie
- B stagflasie
- C hiperinflasie

1.1.8 Toerisme kan help om ... in Suid-Afrika te verminder.

- A werkseleentede
- B besparings
- C armoede

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Privaat koste	A	'n algemene prysstyging wat deur 'n styging in faktorkoste veroorsaak word
1.2.2	Gelykbreekpunt		
1.2.3	Nywerheid	B	uitgawes wat tydens die vervaardiging van 'n artikel deur besighede aangegaan word
1.2.4	Disekonomieë van skaal		
1.2.5	Prysdiskriminasie	C	situasie waar die besigheid nie 'n wins of verlies toon nie
1.2.6	Grondbesoedeling	D	besighede wat soortgelyke produkte vervaardig
1.2.7	Koste-druk-inflasie		
1.2.8	Bemarkbare permitte	E	soliede afval, byvoorbeeld plastieksakke en rommel, wat nie gestort kan word nie
		F	die styging in die persentasie uitset is minder as die styging in die persentasie inset
		G	gee aan besighede die reg om tot 'n sekere mate te besoedel
		H	verbruikers wat goedere verkoop
		I	kopers betaal verskillende bedrae vir dieselfde produk

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Die wins wat die produsent bo en behalwe die normale wins ontvang
- 1.3.2 Die tydsduur (periode) waartydens minstens een produksiefaktor onveranderd bly
- 1.3.3 Waar kopers en verkopers van goedere en dienste vir die doel van handel in wisselwerking is
- 1.3.4 Die wetlike reg waardeur die houer die alleenreg verkry om 'n produk te vervaardig
- 1.3.5 Gasse wat die hitte binne die Aarde se atmosfeer vasvang en tot aardverwarming bydra
- 1.3.6 Die waarde van die alternatief wat prysgegee word wanneer 'n keuse by die produksie van twee produkte gemaak word (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**


**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE instellings wat onregverdige mededinging in Suid-Afrika reguleer. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal produsente by minimum pryse wat deur die regering geïmplementeer word, baat vind? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Identifiseer die markstruktuur in die grafiek hierbo. (1)


2.2.2 Gee die waarde van die markprys wat hierbo uitgebeeld word. (1)

2.2.3 Hoe sal hierdie ewewigsposisie op lang termyn verander? (2)

2.2.4 Watter omstandighede moet bestaan om hierdie besigheid te laat sluit? (2)

2.2.5 Bereken die ekonomiese verlies wat hierdie besigheid in die gesig staar. (4)

2.3 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer EEN eksterne koste in die projek hierbo. (1)

2.3.2 Identifiseer 'n maatskaplike voordeel in die projek hierbo. (1)

2.3.3 Wat kan die staat doen om die eksterne koste van die projek hierbo te verminder? (2)

2.3.4 Hoe sal die staat voordeel trek uit die goedkeuring van die projek hierbo? (2)

2.3.5 Waarom behoort die staat 'n koste-voordeel-ontleding te doen voordat daar met 'n nuwe projek begin word? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *produktiewe ondoeltreffendheid* en *toedelings-ondoeltreffendheid*. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan gedifferensieerde produkte verbruikers en produsente in 'n monopolistiese mededingende mark beïnvloed? (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

- 3.1.1 Noem enige TWEE millenniumontwikkelingsdoelwitte wat deel uitmaak van die internasionale ooreenkomste wat 'n volhoubare omgewing verseker. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Hoe kan belasting gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (1 x 2) (2)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ARBEIDSMARK – LOONEISE**

Die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) het 'n 84%-verhoging in die basiese salaris vir intreevlak-goudmynwerkers geëis, ongeveer 10 persentasiepunte hoër as hul vorige eise. NUM, wat 57% van die werkers in die goudmynbedryf verteenwoordig, wil hê dat werkgewers intreevlakwerkers R10 500 per maand moet betaal.

Intreevlak-gouddelwers verdien tans ongeveer R5 700 per maand, wat verskeie toelaes wat by hulle salarispakkette ingesluit is, uitsluit. Die eis vir loonverhogings wat hoër as die inflasiekoers is, was skynbaar 'n tendens wat by baie nywerhede voorgekom het. Werkers in die vervoerbedryf, wat deur SATAWU verteenwoordig word, het in 2015 'n 25%-verhoging vir alle werknemers geëis.

[Bron: [www.publicnewshub.com](http://www.publicnewshub.com), Junie 2015]

- 3.2.1 Identifiseer die persentasie loonverhoging in die uittreksel hierbo wat deur werkers in die vervoerbedryf geëis is. (1)
- 3.2.2 Watter vakbond verteenwoordig die werkers in die mynbousektor hierbo? (1)
- 3.2.3 Waarom is die vervoerwerkers se looneis onrealisties? (2)
- 3.2.4 Verduidelik kortliks EEN rede vir die buitensporige looneis hierbo. (2)
- 3.2.5 Wat sal die uitwerking op die mynbedryf wees indien die looneis vir R10 500 per maand vir intreevlakwerkers toegestaan word? (2 x 2) (4)



3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### Menslike vingerafdrukke kom oral in ons klimaat voor

**AARDVERWARMING: DIE DEBAT**

Daar is 'n 97 persent-konsensus onder klimaatkundiges en in klimaatwetenskap-literatuur dat aardverwarming deur die mens veroorsaak word. Die wetenskaplike bewyse vir hierdie probleem is oorweldigend.

Daar is egter steeds 'n klein minderheid stemme wat die geldigheid van sulke aansprake bevraagteken en verkies om die menigte bewyse te betwyfel. Hulle beweer dat onlangse veranderinge wat aan menslike aktiwiteite toegeskryf word, as deel van die natuurlike variasies in die Aarde se klimaat en temperatuur beskou kan word.

Ekonome is dit eens dat dit baie goedkoper sal wees om maatreëls in te stel om fossielbrandstofuitlaatgasse te verminder as om die gevolge te hanteer as dit nie gedoen word nie.

[Aangepas uit *Skeptical Science*, September 2015]

- 3.3.1 Wat, volgens die inligting hierbo, moet verminder word om aardverwarming te vermy? (1)
- 3.3.2 Identifiseer EEN negatiewe uitwerking van aardverwarming. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *klimaatverandering*. (2)
- 3.3.4 Waarom bied besighede weerstand teen die omskakeling na meer omgewingsvriendelike produksiemetodes? (2)
- 3.3.5 Wat kan gedoen word om die vrystellings wat deur die verbranding van fossielbrandstowwe veroorsaak word, te verminder? (2 x 2) (4)
- 3.4 Onderskei tussen *bewaring* ('*conservation*') en *beskerming* ('*preservation*'). (2 x 4) (8)
- 3.5 Watter raad sal jy aan die Minister van Finansies gee om die uitwerking van negatiewe eksternaliteite wat deur toerisme veroorsaak word, te oorkom? (4 x 2) (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**  
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE tipes toerisme. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is 'n volmaakte mededinger nie in staat om die markprys te beïnvloed nie? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Watter kromme verteenwoordig die gemiddelde-inkomste (GK)-kromme? (1)

4.2.2 Hoeveel firmas domineer hierdie tipe mark? (1)

4.2.3 Waarom lê die marginale-inkomste(MI)-kromme onder die vraagkromme? (2)

4.2.4 Waarom sal die monopolis nie uitermate hoë pryse vir sy/haar produk kan vra nie. (2)

4.2.5 Teken die grafiek hierbo in die ANTWOORDEBOEK oor. Dui ekonomiese wins op jou grafiek aan deur die gemiddelde-koste-(GK)-kromme en marginale-koste(MK)-kromme op dieselfde assestelsel in te voeg. (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TOERISME: 'N SLEUTEL-GROEISEKTOR

Toerisme word as 'n moderne groeiwerkterug beskou en is wêreldwyd een van die grootste bedrywe. G20-staatshoofde het in 2014 toerisme as 'n drywer van groei en ontwikkeling erken, sowel as 'n sektor met die potensiaal om wêreldwyd ekonomiese herstel aan te spoor.

Suid-Afrika het toerisme as 'n sleutelsektor met uitstekende groeipotensiaal aangewys: die regering poog om toerisme se bydrae tot die ekonomie, direk en indirek, te vergroot.

Suid-Afrika se asemrowende natuurskoon, vriendelike mense en wêreldklas-infrastruktuur maak dit een van die gesogste bestemmings in die wêreld.

Die streeks-Afrika-toeristemark is Suid-Afrika se belangrikste toeristemark. Dit het in 2014 meer as 73% van die totale toeriste-aankomste en meer as R50 miljard in inkomste bygedra.

Toerisme is 'n arbeidsintensiewe sektor met 'n toevoerketting wat oor verskillende sektore strek, en as sodanig is dit 'n prioriteitsektor in die regering se beplannings- en beleidsraamwerke.

[Aangepas uit South Africa.info, Mei 2016]

- 4.3.1 Gee EEN rede in die uittreksel hierbo waarom Suid-Afrika as 'n baie gewilde toeristebestemming beskou word. (1)
- 4.3.2 Identifiseer in die uittreksel hierbo waarom die toeristebedryf as 'n sleutelsektor aangewys is. (1)
- 4.3.3 Beskryf die term *toerisme* kortliks. (2)
- 4.3.4 Gee EEN rede waarom die toeristebedryf teen so 'n vinnige koers groei. (2)
- 4.3.5 Hoe kan die toeristebedryf, na jou mening, die arm landelike gemeenskappe van Suid-Afrika bevoordeel? (2 x 2) (4)
- 4.4 Verduidelik die doelwitte van die Suid-Afrikaanse mededingingsbeleid. (8)
- 4.5 Hoe misluk verbruikers as die vernaamste markrolspelers in die beskerming van die omgewing? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

<b>STRUKTUUR VAN OPSTEL</b>	<b>PUNTE-TOEKENNING</b>
<b>Inleiding</b>	Maks. 2
<b>Liggaam</b> <b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/Oonderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
<b>Addisionele gedeelte:</b> Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Oonderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
<b>Slot</b> Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is</li> <li>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is</li> <li>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk</li> <li>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>	Maks. 2
<b>TOTAAL</b>	<b>40</b>

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die oligopolie is 'n noodsaaklike markstruktuur in 'n vryemarkstelsel.

- Bespreek 'n oligopolie as 'n markstruktuur in besonderhede. (26 punte)
- Verduidelik, met behulp van 'n goed benoemde grafiek, waarom die oligopolis nie oor prys sal meeding om sy/haar marktaandeel te vergroot nie. (10 punte)

**[40]****VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

Inflasie vind sy oorsprong in die vraag- of aanbodkant van die ekonomie.

- Ondersoek die oorsake van vraag-trek-inflasie in besonderhede. (26 punte)
- Hoe suksesvol was monetêre beleidsmaatreëls in die bekampings van vraag-trek-inflasie in Suid-Afrika? (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C:**  
**GROOTTOTAAL:**

**40**  
**150**